

MISDAADVOOS



VEG TERUG

Begin ons land se mense al meer terugbaklei teen misdaad?
En is dit werklik 'n goeie idee? Shanda Luyt het gaan uitvind

Jy voel lus om hande te klap as jy 'n koerantberig raaklees waar 'n misdaadvoos Suid-Afrikaner daarin slaag om 'n misdadiger op sy neus te laat kyk. Jy lees van die ouma wat vroeër vanjaar 'n rower met pepersproei verjaag het, van bejaardes wat 'n vermeende rower in 'n gastehuis oorrumpel het, van 'n boervrou en haar seun wat drie aanvallers afgeweer en een doodgeskiet het ... En jy juig, want vir 'n slag het die misdadiger 'n bietjie van sy eie medisyne teruggekry.

Nog al die jare was die goue reël: Geen eiendom is 'n mens se lewe werd nie, so moenie terugbaklei nie en doen wat die rowers vra. Lees jy egter die verhale, wil jy wonder of dit werklik sulke goeie raad is. Is dit nie tyd dat mense terugveg nie? Dit is moeilik om te bepaal of daar 'n stygende tendens is vir mense om tydens misdaad weerstand te bied, omdat daar nie in die laaste klompie jare so 'n studie gedoen is nie, sê **dr Johan Burger**, oudpolisieman en navorser by die Instituut vir Sekerheidstudies.

“Statistiek Suid-Afrika wys wel in hul Victim Survey dat mense duidelik vertroue in die polisie en strafregstelsel verloor het, wat veroorsaak dat hulle minder geneig is om misdaad te rapporteer. Daaruit kan ons dalk aflei dat mense meer geneig is om self op te tree. Ons sien byvoorbeeld in die Wes-Kaap hoe mense teen bendegeweld opstaan. Ek dink egter mense is meer geneig tot groepoptrede as individuele optrede, maar dit

skakel nie die moontlikheid uit dat daar meer individuele gevalle van vernet is nie.”

Hy reken egter nie 'n mens kan berigte oor mense wat terugbaklei as akkurate weer- spieëling van die misdaadprentjie beskou nie. “Die media is uiteraard geneig om die tipe misdade te rapporteer wat meer sensasie wek en die vlak van misdaad in ons land is so hoog dat die omvang nie gerapporteer kan word nie. Gewapende roof het die afgelope vyf jaar jaar op jaar met amper 40% gestyg. Motorkapings het ook gestyg. Dit is net misdade wat aan die polisie gerapporteer is. Dit maak dus net sin dat die media net die interessantste gevalle rapporteer.”

IS TERUGBAKLEI WYS?

In die meeste gevalle kom mense die slegste daarvan af as hulle hulle vernet en word dikwels deur die kriminele geskiet, sê Johan. “Hier en daar is suksesse en dan juig ons almal. Jy hoor selfs van vroue wat hul manlike aanvallers op die vlug gedryf het en jy is dankbaar vir hulle, maar in verreweg die meeste gevalle waar mense hulself in sulke onmoontlike situasies probeer vernet, kom hulle die tweede beste daarvan af.

“Die meeste huisrowers is gevoellose misdadigers. Hul lewe is vir hulle meer werd as joune. Studies het ook gewys dat selfs die meer gemoedelike rower wat in jou huis, onderneming of kar kom heeltemal bereid is om dodelike geweld te gebruik en die slagoffer te skiet as hy enigsins bedreig voel.”

Johan sê sou jy in beheer van die situasie wees, soos wanneer die inbreker probeer inkom, kan jy die middele tot jou beskikking gebruik om jou gesin te beskerm, maar as die misdadigers eers in is en jou gesin oorrumpel het, help vernet nie.

“As hulle bedreig voel en sien jy wil jou vernet, is hulle bereid om maksimum geweld te gebruik om samewerking te kry. Ons praat van koel, berekende misdadigers.”

Hy vertel van 'n studie onder gevonnisdede gevangenes waarin hulle gevra is wat die slagoffer se beste kans is om te oorleef en besering vry te spring.

“Hulle het almal geantwoord: as die mense saamwerk. As die mense 'slaap', dus op die grond gaan lê en maak of hulle slaap. Tweedens het hulle gesê mense moet dadelik reageer en saamwerk as hulle byvoorbeeld vir bankkaarte se geheime kodes vra, anders gaan hulle die mense baie seer maak om die inligting te kry. Natuurlik is jou lewe dan steeds nie gewaarborg nie, maar ons studies wys dat verreweg die meeste mense wat hul samewerking gee 'n goeie kans op oorlewing het. Hoe erg dit ook al klink en hoe graag 'n mens dit nie so wil hê nie: op daardie oomblik moet jou eerste oorweging jou eie en jou gesin se veiligheid wees en daarom moet jy saamwerk.”

Dr Chris de Kock, 'n onafhanklike misdaadanalise en voorheen hoof van misdaadstatistiek by die Suid-Afrikaanse Polisie, was self in Januarie vanjaar